Redaksioneel

Hierdie laaste uitgawe van 2007 bevat weereens uitstekende navorsingsartikels in verskillende teologiese dissiplines en ons hartlike gelukwense aan al die skrywers! Daarmee saam betuig ons ook ons dank aan akademici wat as keurders opgetree het en ons administratiewe personeel vir hulle harde werk. Sonder die kritiese kommentare van die keurders is die uitgee van ’n wetenskaplike tydskrif deesdae onmoontlik.

In hierdie uitgawe behandel Fritz Krüger die aktuele tema van die rol en plek van konfessies in die missionêre kerk. Ook in die veld van die Missiologie skryf Derrick Mashau oor okkultisme in ’n Afrika konteks met besondere verwysing na die Vhavenda-sprekendes in die Limpopo Provinsie. Johannes Smit spits hom toe op die kerkregtelike vraag of die beroepsbrief van ’n predikant ’n kontraktuele werksaanbod is. Die nuwe arbeidswetgewing in Suid-Afrika maak hierdie tema besonder belangrik.

Rikus Fick fokus die aandag op die intensiteit van die Semi-Pelagianisme in die Galliese Kerk van die vyfde en sesde eeu. Dit bly ’n saak van belang in die navorsing oor die Patristiek, veral omdat die leerstellinge so ’n groot invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van die Roomse Teologie en die latere Arminianisme en Metodisme. Ons het ook weer twee artikels uit die Praktiese Teologie. Gert Breed en Ben de Klerk publiseer hulle navorsingsresultate ten opsigte van die impak wat selfmoord het op dié wat agterbly en hierdie artikel sal vir die pastoraat baie waardevol wees. Vhumani Magezi bespreek ’n diagnostiese en interpretasiebenadering in Afrika wanneer hy dit het oor pastorale berading.

In hierdie uitgawe word ook ’n fokusartikel geplaas wat handel oor die Psalmboek van 2003 as ’n liturgiese verryking. *Fokus* is ’n rubriek waarin artikels van ’n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Die artikels is ook gerig op die praktyk van die pastoraat. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir

Fokus word ook aan ’n interne keuringsproses onderwerp, maar kwalifiseer nie vir subsidie nie.

Ons het ook die voorreg om verskeie boekresensies te plaas. Die boekresensies word onder verskillende hoofde aangebied. Ons onderskei tussen resensies waarin vakwetenskaplike werke meer uitvoerig geresenseer word vir die vakkundige, en fokusresensies waarin populêr-wetenskaplike en populêre werke wat veral op aspekte van bediening en Bybelstudie fokus, in korter resensies bespreek word.

In 2009 word die honderd-en-vyfigjarige bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevier. Groot feeste word landswyd beplan met ’n sentrale fees gedurende die Paasnaweek in Potchefstroom. In dieselfde jaar is die Teologiese Skool in Potchefstroom honderd-en-veertig jaar oud. Vanweë die noue verbondenheid van die Teologiese Skool in Potchefstroom aan *In die Skriflig*, beplan die redaksie ’n feesuitgawe van ons tydskrif in 2009. In hierdie uitgawe sal daar toegespits word op die ontwikkeling en bydrae van die gereformeerde teologie in Suid-Afrika. Ons wil graag ’n ope uitnodiging aan al ons lesers rig om artikels binne die raamwerk van hierdie tema vir keuring en publikasie aan te bied. Voorbeelde van sodanige artikels kan wees: “Die ontwikkeling van die gereformeerde hermeneutiek”; “Die bydrae van die gereformeerde etiek in die Suid-Afrikaanse politieke denke” of “Liturgiese vernuwing”. Uiteraard kan daar talle ander voorbeelde uit die verskillende teologiese dissiplines genoem word. Op hierdie manier kan ons ons dank betuig vir die groot genade wat die Teologiese Skool in Potchefstroom oor 140 jaar ontvang het en die wyse waarop dit wat klein begin het nou internasionaal erken en waardeer word.

J.M. Vorster
Redakteur: *In die Skriflig*